## Slegs 1 uit 29 leerlinge is funksioneel geletterd ná matriek

# 'Swart skoolprestasie skande'

Alet Rademeyer

Die Suid-Afrikaanse openbare skoolstelsel lewer tans net 1 uit 29 funksioneel geletterde swart matrikulante op wat dié stelsel betree.

Dís 'n nasionale skande en dui op reuse-probleme, het adv. Paul Hoffman SC, direkteur van die Sentrum vir Grondwetlike Regte, gister in 'n nuusbrief van die F.W. de Klerk-stigting gesê.

In 'n artikel oor die hervorming van basiese onderwys in Suid-Afrika, verwys Hoffman na die skrikwekkende statistieke oor die funksionele geletterdheid van swart matrikulante wat die afgelope 12 jaar aan die skoolstelsel deelgeneem het.

Volgens statistieke van die geletterdheidskonsultante Hough & Horne in Johannesburg het van die 1,56 miljoen sesjariges wat 12 jaar gelede die skoolstelsel betree het, net twee derdes gr. 10 behaal en 'n derde matriek aan die einde van verlede jaar.

Van dié kandidate het sowat 360 000 geslaag.

Toe hulle vir funksionele geletterdheid in Engels, hul voerkeurtaal van onderrig, getoets is, is bevind dat slegs 15% van die 278 000 swart kandidate funksioneel geletterd is.

"Die totale getal is dus 42 000 swart skoolverlaters wat die potensiaal het om 'n geskoolde werk te kan verrig. Anders gestel, het elke provinsie in 2007 in die algemeen slegs 4 600 funksioneel geletterde swart matrikulante opgelewer," sê Hoffman.

Volgens hom beteken dit dat slegs 1 uit 29 (3,5%) van swart kinders wat die skoolstelsel betree, met matrieksertifikate daar uitkom wat hulle in staat stel om die terrein van opleibaarheid, vaardigheidsverwerwing en hoër onderwys te betree – dit in 'n ekonomie waarin 'n groot tekort aan vaardighede bestaan.

Volgens Hoffman is Suid-Afrikaanse skole se uitvalsyfer 77% oor die 12 jaar van skolastiese opleiding, terwyl die internasionale norm volgens Unesco-syfers 21% is.

In die artikel skryf Hoffman apartheid as rede vir die siekte van die onderwysstelsel, is 'n verskoning wat al hoe meer vervaag met die tyd. "Die kinders wat nou die onderwysstelsel betree, is vrygeborenes en op meer as afskeep-onderwys geregtig."

Volgens hom waarborg die handves van regte die reg op basiese onderwys aan almal. "Dié reg is nie geklassifiseer as 'n sosiaal-ekonomiese reg onderhewig aan progressiewe realisering oor tyd nie. Dis 'n reg wat sedert 1994 aan almal verskuldig en deur almal, kinders sowel as volwassenes, opeisbaar is.

"Die staat moet volgens wet die reg op basiese onderwys respekteer, beskerm, bevorder en uitvoer, tesame met al die ander regte en vryhede wat in die Grondwet verskans is."

Hoffman meen organisatoriese tekortkominge, wanfunksionele skole en die probleme van onderwysers wat nie onderrig gee nie of selfs nie weet hoe om dit te doen nie, moet aandag kry.

"Die fenomeen van geweld en swak dissipline in skole is ook voor die handliggende bedreigings vir verbetering, terwyl die mislukking om op moedertaalonderrig in die vormingsjare aan te dring 'n faktor is wat volgens kundiges lei tot swak prestasie."

Volgens Hoffman is 'n radikale hersiening van die manier waarop onderwys toegepas, geadministreer en gelewer word nodig om die situasie reg te stel.